


# TARIFF POLICY

# TARIEF BELEID

# 2025/2026

Financial Policy No.: 1
Revision: Version 1
Last Review: March 2025 (MTREF)
Effective From: 1 July 2025
https://www.laingsburg.gov.za

DRAFT

# INHOUD

DEEL 1: ALGEMENE INLEIDING EN DOELSTELLING ........................................................ 3

DEEL 2: ALGEMENE BEGINSELS ........................................................................................ 3

DEEL 3: ELEKTRISITEIT ..................................................................................................... 6

DEEL 4: WATER .................................................................................................................. 7

DEEL 5: VULLISVERWYDERING ......................................................................................... 8

DEEL 6: RIOLERING ........................................................................................................... 9

DEEL 7: ONDERGESKIKTE TARIEWE ............................................................................. 10

DEEL 8: BYLAE – GEREGTELIKE VEREISTES ................................................................ 12

DEEL 9: HERSIENING VAN BELEID .................................................................................. 15

## DEEL 1: ALGEMENE INLEIDING EN DOELSTELLING

‘n Tariefbeleid moet opgestel, aanvaar en geïmplementeer word ooreenkomstig Artikel 74 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Nr. 32 van 2000), en sodanige beleid moet, onder andere, die heffing van fooie vir munisipale dienste voorsien deur die munisipaliteit of deur middel van diensleweringsooreenkomste, dek.

Die tariefbeleid is opgestel met inagneming van, waar van toepassing, die riglyne uiteengesit in Artikel 74 van genoemde Wet (verwys Deel 9 van hierdie beleid).

In die bepaling van sy jaarlikse tariewe moet die raad te alle tye behoorlik kennis neem van die tariewe elders van toepassing in die ekonomiese omgewing, en van die impak wat sy eie tariewe op plaaslike ekonomiese ontwikkeling mag uitoefen.

## DEEL 2: ALGEMENE BEGINSELS

Dienstetariewe opgelê deur die munisipaliteit moet as verbruikersgelde beskou word en nie as belastings nie, en daarom moet die moontlikheid van betaling deur die betrokke verbruiker of gebruiker van die dienste waarop sodanige tariewe betrekking het, nie beskou word as ‘n tersaaklike kriteria nie (behalwe in die geval van deernisverligtingsmaatreëls soos van tyd tot tyd deur die raad goedgekeur).

Die munisipaliteit moet verseker dat sy tariewe gelykvormig en regverdig deur die munisipale gebied toegepas is.

Tariewe vir die vier groot dienste voorsien deur die munisipaliteit, naamlik

- elektrisiteit
- water
- riool
- vullisverwydering (vaste afval)

Die tariewe moet sover moontlik die besteding verbonde aan die voorsiening van elke betrokke diens verhaal. Die tarief wat ‘n besondere verbruiker of gebruiker betaal, moet gevolglik regstreeks in verband staan met die standaard van diens ontvang en die hoeveelheid van die besondere diensgebruik of -verbruik.

Die munisipaliteit moet, sover as wat omstandighede redelikerwys toelaat, verseker dat die tariewe gehef ten opsigte van die voorafgaande dienste verder ‘n bedryfsurplus van elke finansiële jaar realiseer of sodanige laer persentasie as wat die raad mag bepaal wanneer die jaarlikse bedryfsbegroting oorweeg word. Sodanige surplusse moet aangewend word in verligting van eiendomsbelasting en vir gedeeltelike finansiering van algemene dienste of vir die toekomstige kapitale uitbreiding van die betrokke diens, of beide. Die aanwending van sodanige surplusse sal voorkom dat die betrokke dienstetariewe as verskuilde belastings beskou word.

Die munisipaliteit moet ‘n deernisbystandsprogram vir die munisipale gebied ontwikkel, goedkeur en ten minste jaarliks hersien. Hierdie program moet die munisipaliteit se koste herwinningsbeleid ten opsigte van die tariewe wat dit hef op geregistreerde behoeftiges uiteensit, asook die implikasies van sodanige beleid vir die tariewe wat dit oplê op ander gebruikers of verbruikers in die munisipale streek.

In lyn met die beginsels omvat in die Grondwet en in ander wetgewing met betrekking tot plaaslike regering, kan die munisipaliteit onderskei tussen verskillende kategorieë van gebruikers en verbruikers met betrekking tot die tariewe wat gehef word.

Ten einde die tariewe te bepaal wat gehef moet word vir die voorsiening van die vier grootste dienste, moet die munisipaliteit al die koste van die bedryf van die betrokke dienste identifiseer, met spesifieke insluiting van die volgende:

- Koste van massa aankope in die geval van water en elektrisiteit;
- verspreidingskoste;
- verspreidingsverliese in die geval van elektrisiteit en water;
- waardevermindering;
- Onderhoud van infrastruktuur en ander onroerende bates;
- administrasie en dienskoste, met insluiting van:
    - dienstegelde gehef deur ander departemente soos finansies, administrasie en tegniese dienste;
    - billike algemene oorhoofse koste, soos die koste vereenselwig met die kantoor van die munisipale bestuurder;
    - Voldoende bydraes tot voorsiening vir slegte skulde en verandering van voorraad;
    - alle ander gewone bedryfsbesteding met betrekking tot die betrokke diens met insluiting van, in die geval van die elektriesediens, die koste van die voorsiening van straatbeligting in die

municipale gebied (nota: die koste van die demokratiese proses in die munisipaliteit, dit is, al die besteding verbonde aan die politieke strukture van die munisipaliteit, moet deel vorm van die besteding wat gefinansier moet word uit eiendomsbelasting en algemene inkomstes, en moet nie ingesluit word in die berekening van koste vir die groot dienste van die munisipaliteit nie);

- Die beplande surplus wat gerealiseer moet word vir die finansiële jaar, sodanige surplus aangewend te word:
  - As ‘n toekenning tot kapitaal reserwes, en/of
  - Algemeen in verligting van belasting- en algemene dienste;
- Die koste van goedgekeurde behoeftige verligtingsmaatreëls.

Die munisipaliteit moet die eerste 50 kWu elektrisiteit per maand en die eerste 6 kl water per maand gratis aan deernis huishouding voorsien wat as behoeftiges geregistreer het ooreenkomstig die munisipaliteit se deernisverligtings-program. Die munisipaliteit moet verder verligting oorweeg ten opsigte van riolering en vullisverwydering vir sodanige geregistreerde behoeftiges tot die mate dat die raad sodanige verligting as bekostigbaar beskou ten opsigte van elke jaarlikse begroting, maar met die verstandhouding dat die verligting nie minder sal wees as ‘n korting as ‘n persentasie van die maandelikse bedrag aangeslaan vir die betrokke diens nie.

Omdat water ‘n skaars nasionale hulpbron is, en hierdie munisipaliteit verplig is tot die verstandige beskerming van sodanige hulpbronne, moet die tarief gehef vir huishoudelike verbruik van water eskaleer ooreenkomstig die volume van water verbruik. Die tarief vir water verbruik moet gebaseer wees op maandelikse verbruik met in ag naming van verskillende vlakke van glyskale vir verbruike volgens tariewe soos jaarliks bepaal deur die Raad met begrotings proses.

Tariewe vir vooruitbetaalde meters moet dieselfde wees as die tariewe gehef vir gewone verbruik volgens die kategorie van betrokke verbruiker.

# DEEL 3: ELEKTRISITEIT

Die verskillende kategorieë elektrisiteitsverbruikers, soos hieronder uiteengesit, moet aangeslaan word teen die toepaslike tariewe soos goedgekeur deur die raad in elke jaarlikse begroting.

Tariefaanpassings sal van toepassing wees vanaf 1 Julie elke jaar.

Kategorieë van verbruik en tariewe sal soos volg wees:

- Met die enkele uitsondering van geregistreerde behoeftiges, moet alle verbruikers van elektrisiteit aangeslaan word vir hulle elektrisiteitsverbruik teen die tarief van toepassing op die kategorie waarin die betrokke verbruiker val;
- Die tarief vir huishoudelike verbruik en alle verbruikers, met insluiting van kommersiële, industriële en vasgestelde verbruikers, moet betaal volgens NERSA se goedgekeurde tariewe;
- Alle huishoudelike verbruikers wat geregistreer is as behoeftiges by die munisipaliteit moet die eerste 50 kWu (vyftig) elektrisiteit verbruik per maand gratis ontvang;
- Alle huishoudelike verbruikers van elektrisiteit, moet bykomend aangeslaan word vir ‘n basiese heffing/beskikbaarheidsgelde per meter geïnstalleer;
- Alle kommersiële, industriële en ander nie-huishoudelike eiendomme moet bykomend aangeslaan word vir ‘n maandelikse basiese heffing/beskikbaarheidsgelde per meter geïnstalleer en, waar van toepassing, ‘n aanvraagkoste, van toepassing op hulle onderskeie vlakke van verbruik, soos deur NERSA goedgekeur ;
- ’n Glyskaal tarief sal geimplementeer word op huishoudelik, wat insluit voorafbetaalde sowel as krediet-meters. Die glyskaal maak voorsiening vir onder 350 kWu en bo 350 kWu tarief; en
- Die departementele elektrisiteitsverbruik van die munisipaliteit sal teen koste aangeslaan word.

## DEEL 4: WATER

Die kategorieë van water verbruikers soos hieronder uiteengesit moet aangeslaan word teen die toepaslike tariewe, soos goedgekeur deur die raad in elke jaarlikse begroting.

Tariefaanpassings sal van toepassing wees vanaf 1 Julie elke jaar.

Kategorieë van verbruik en tariewe sal soos volg wees:

- Alle geregistreerde behoeftiges by die munisipaliteit moet die eerste 6 (ses) kl water per maand verbruik gratis ontvang. Daarna sal 'n tarief trapsgewys per kl water verbruik van toepassing wees op gemeterde water verbruik, soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal en soos uiteengesit in Deel 2 van die beleid.
- Alle ander huishoudelike verbruikers sal aangeslaan word vir werklike waterverbruik teen 'n trapsgewyse tarief per kl soos van tyd tot tyd deur die raad bepaal en soos in Deel 2 van die beleid uiteengesit.
- Alle verbruikers van water, moet vir 'n basiese heffing/beskikbaarheidsgelde per watermeter aangeslaan word.
- Departementele waterverbruik moet teen koste aangeslaan word.

# DEEL 5: VULLISVERWYDERING

Die kategorieë van gebruikers van vullisverwydering soos hieronder uiteengesit moet aangeslaan word teen die toepaslike tariewe, soos bepaal deur die raad in elke jaarlikse begroting.

Tariefaanpassings moet vanaf 1 Julie elke jaar toegepas word.

Afsonderlike vaste maandelikse vullisverwyderingskoste moet van toepassing wees op elk van die volgende kategorieë van gebruikers, gebaseer op die koste van die betrokke diens:

- huishoudelike en ander gebruikers (verwyder een keer per week, 2 sakke);
- Wooneenhede Vaste basiese fooi vir elke wooneenheid (eenkeer per week, 2 sakke per eenheid)
- besigheid en ander gebruikers (verwyder twee keer per week, 2 sakke per 90liter houer);
- besigheid en ander (massa verbruikers).

Geregistreerde behoeftiges kan sodanige subsidie op hierdie koste ontvang soos wat die raad bekostigbaar ag met die goedkeuring van die jaarlikse begroting, maar met die verstandhouding dat sodanige subsidie nie minder sal wees as 50% van die maandelikse bedrag aangeslaan as 'n vullisverwyderingskoste van huishoudelike gebruikers.

'n Vaste maandelikse heffing moet aangeslaan word teen die munisipale departement gelyk aan die laagste (huishoudelike) tarief.

## DEEL 6: RIOLERING

Die kategorieë van riool gebruikers soos hieronder uiteengesit moet per maand aangeslaan word teen die toepaslike tarief soos deur die raad in elke jaarlikse begroting goedgekeur.

Aanpassings moet vanaf 1 Julie elke jaar toegepas word.

Kategorieë van verbruik en heffings moet wees:

- ‘n basiese heffing/beskikbaarheidgelde per maand moet gehef word vir alle erwe, ongeag van hulle toegelate of beoogde gebruik,
- Geregistreerde behoeftiges moet sodanige subsidie op hierdie heffing ontvang as wat die raad bekostigbaar ag met die goedkeuring van die jaarlikse begroting, maar met die verstandhouding dat sodanige korting nie minder nie as 50% van die maandelikse bedrag gehef vir hierdie diens;
- ‘n maandelikse heffing per rioolpunt moet gehef word teen die munisipaliteit se departemente gebaseer op werklike waterverbruik bereken teen ‘n persentasie van werklike waterverbruik;

## DEEL 7: ONDERGESKIKTE TARIEWE

Alle ondergeskikte tariewe moet sover moontlik binne die munisipale streek gestandaardiseer word.

Alle ondergeskikte tariewe moet deur die raad in elke jaarlikse begroting goedgekeur word, en moet, wanneer gepas beskou word deur die raad, deur eiendomsbelasting en algemene inkomstes gesubsideer word, in besonder wanneer die tariewe onekonomies is om die koste van die betrokke diens te dek, of wanneer die koste nie noukeurig bepaal kan word nie, of wanneer die tarief bereken is bloot om te reguleer eerder as om die besondere diens of gerief te finansier.

Alle ondergeskikte tariewe waaroor die munisipaliteit volle beheer het en wat nie regstreeks betrekking op die koste van ‘n besondere diens het nie, moet jaarliks aangepas word ten minste in lyn met die heersende verbruikersprysindeks, tensy daar noodsaaklike redes bestaan waarom sodanige aanpassings nie uitgevoer moet word nie.

Die volgende dienste moet as gemeenskapsdienste beskou word, en geen tariewe moet vir hierdie gebruik of diens gehef word nie:

- munisipale museums en kunsgallerye;
- munisipale naslaanbiblioteke;
- munisipale biblioteek (behalwe boetes);
- munisipale botaniese tuin, en alle ander parke en oop ruimtes.

Die volgende dienste moet as ekonomiese dienste oorweeg word, en die tariewe gehef moet 100%, of so na as moontlik aan 100% van die begrote jaarlikse bedryfsbesteding van die betrokke diens dek:

- onderhoud van grafte en tuine van herinnering (verassing);
- huur vir die gebruik van munisipale sale en ander persele (onderworpe aan die voorwaarde hieronder uiteengesit);
- bouplanfooie;
- afvalsakke;
- skoonmaak van standplase;
- nuwe aansluitingsgelde vir elektrisiteit, water, riool;
- fotostaatafdrukke;
- uitklaringsertifikate.

Die volgende aanslae en tariewe moet beskou word as reëlmatig of straffend, en moet as toepaslik bepaal word in elke jaarlikse begroting:

- boetes vir verlore of laat terugbesorging van biblioteekboeke;
- advertensietekenkoste;
- ontkoppeling- en heraansluitingskoste vir eleketrisiteit en water;
- rente, toeslag en ander kostes opgelê ooreenkomstig die goedgekeurde beleid op kredietbeheer en skuldinvordering;

Markverwante huurgelde moet gehef word vir die huur van munisipale eiendom.

In die geval van huurgelde vir die gebruik van munisipale sale en persele, indien die munisipale bestuurder tevrede is dat die sale en persele benodig vir nie-winsgewende doeleindes is en vir die voorsiening van ‘n diens aan die gemeenskap, kan die munisipale bestuurder ‘n afslag van die toepaslike huurgeld magtig.

Die munisipale bestuurder sal bepaal of ‘n vrywaring of waarborg in elke geval voorsien moet word vir die huur van munisipale sale, persele en sportgronde, en sal in sodanige bepaling gelei word deur die waarskynlikheid van skade gely deur die munisipaliteit as gevolg van die gebruik van die betrokke geriewe.

## DEEL 8: BYLAE – GEREGTELIKE VEREISTES

***Die Wet op Waterdienste, 1997 (Nr. 108 van 1997)***

Artikel 10: Norme en Standaarde vir Tariewe

‘n Munisipaliteit in sy hoedanigheid as ‘n watervoorsieningsinstelling, moet ‘n tarief toepas vir waterdienste wat nie noemenswaardig verskil van enige norme en standaarde wat die Minister van Water en Sanistasie, met die instemming van die Minister van Finansies, voorgeskryf het ooreenkomstig die huidige Wet.

Artikel 21: Verordeninge

‘n Munisipaliteit in sy hoedanigheid as waterdienste owerheid, moet verordeninge daarstel wat voorwaardes bevat vir die voorsiening van waterdienste en wat voorsiening maak vir ten minste die volgende (inter alia):

- die standaard van die diens;
- die tegniese voorwaardes van voorsiening met insluiting van kwaliteit standaarde, eenhede of standaarde van bepaling, die verifikasie van meters, aanvaarbare limiete van foute en prosedures vir die arbitrasie van dispute met betrekking tot die bepaling van waterdienste voorsien;
- die bepaling en strukture vir tariewe ooreenkomstig Artikel 10 van die huidige Wet.

Indien die munisipaliteit, in sy hoedanigheid as waterdienste owerheid, voorwaardes opgelê het waaronder waterdienste voorsien word, moet sodanige voorwaardes toeganklik wees vir verbruikers en moontlike verbruikers.

Indien die munisipaliteit, in sy hoedanigheid as waterdienste owerheid, water voorsien vir industriële verbruik, of ‘n stelsel waardeur industriële uitvloei beheer word, moet verordeninge voorsien word vir ten minste die volgende:

- die standaard van die diens;
- die tegniese voorwaardes van voorsiening en afhandeling;
- die bepaling en struktuur van tariewe.

***Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Nr. 32 van 2000)***

Artikel 74: Tariefbeleid

Die raad moet ‘n tariefbeleid aanvaar en toepas op die heffing van fooie vir die dienste voorsien deur die munisipaliteit self of by wyse van diensleweringsooreenkomste.

Sodanige beleid moet voldoen aan die bepalings van die huidige Wet en enige ander toepaslike wetgewing.

Sodanige tariefbeleid moet ten minste die volgende beginsels weergee:

- dat verbruikers van munisipale dienste gelyk behandel moet word in die toepassing van die munisipale tariewe;
- dat die bedrag wat individuele verbruikers vir dienste betaal algemeen in verhouding moet wees met die verbruik van sodanige dienste;
- dat behoeftige huishoudings toegang moet hê tot ten minste basies, of enige ander regstreekse of onregstreekse metode van subsidering van tariewe vir behoeftige huishoudings;
- dat tariewe die koste redelik vereenselwig met die lewering van die diens moet weerspieël, met insluiting van kapitaal, bedryf, onderhoud, administrasie en vervangingskoste, en rente heffings;
- dat voorsiening gemaak moet word in die toepaslike omstandighede vir ‘n bybetaling op die tarief vir ‘n diens;
- dat voorsiening gemaak moet word vir die bevordering van plaaslike ekonomiese ontwikkeling deur spesiale tariewe vir kategorieë van handel en industriële verbruikers;
- dat die ekonomiese, geskikte en doeltreffende gebruik van hulpbronne, die herwinning van afval, en ander toepaslike omgewingsdoelstellings aangemoedig moet word;
- dat die omvang van subsidering van tariewe vir behoeftige huishoudings en ander kategorieë van verbruikers ten volle blootgelê moet word.

Die tariefbeleid moet onderskei ten opsigte van dienste, diensstandaarde, diensvoorsieners en ander aangeleenthede tussen kategorieë van verbruikers, debiteure of geografiese gebiede.

Indien die beleid sodanige onderskeiding behels, moet die munisipaliteit verseker dat dit nie onregverdige diskriminasie tot gevolg het nie.

Artikel 73: Algemene Plig

Die munisipaliteit moet uitvoering gee aan die bepalings van die Grondwet, en sodoende voorkeur verleen aan die basiese behoeftes van die plaaslike gemeenskap, die ontwikkeling van die plaaslike gemeenskap bevorder, en verseker dat alle lede van die plaaslike gemeenskap toegang het tot ten minste die minimum vlak van basiese munisipale dienste.

Die dienste voorsien deur die munisipaliteit moet onpartydig en toeganklik wees; voorsien op 'n wyse bevordelik in die omsigtige, ekonomiese, geskikte en doeltreffende gebruik van beskikbare hulpbronne, en die verbetering van standaarde van kwaliteit oortyd, finansieel volhoubaar; omgewingsvolhoubaar; en gereeld hersien met die oog op opgradering, verlenging en verbetering.

Artikel 75: Verordeninge ter Uitvoering van Beleid

Die raad moet verordeninge aanvaar om uitvoering te gee aan die implementering en uitvoering van sy tariefbeleid.

Sodanige verordeninge moet onderskei ten opsigte van dienste, diensstandaarde, diensvoorsieners en ander aangeleenthede tussen verskillende kategorieë van verbruikers, debiteure of geografiese gebiede, maar op 'n wyse wat nie tot onregverdige diskriminasie aanleiding gee nie.

## DEEL 9: HERSIENING VAN BELEID

Die beleid moet op 'n jaarlikse basis hersien word saam met die jaarlikse begroting. Dit vorm 'n integrale deel van die begrotings-aanames en in enige wysigings moet die begrotings impak inage geneem word.

Die beleid sal na verwys word as die Tarief Beleid van Laingsburg Munisipaliteit wat sal inwerking tree op 01 Julie 2025

## DOCUMENT CONTROL

| VERSION AND DOCUMENT CONTROL | | | |
|---|---|---|---|
| **POLICY NAME:** | Tariff Policy | | |
| **POLICY OWNER:** | Financial Department / BTO | | |
| **RELATED POLICIES:** | Budget Policies | | |
| **REVIEW:** | Annually | **Budget Policy** | Yes |
| **POLICY EFFECTIVE DATE:** | 01 July 2025 | **Budget Policy Nr** | 01 |
| **Version** | **Date** | **Adoption** | **Revision** |
| 1 | 27 March 2024 | 1st Adoption | |
| 2 | 31 March 2025 | | 1st Revision |
| 3 | | | 2nd Revision |
| 4 | | | 3rd Revision |

| ----------------------------------- | ----------------------------------- |
|---|---|
| Municipal Manager<br>J. Booysen | Mayor<br>xxx |
| Date: xx May 2025 | Date: xx May 2025 |